## ***ELJADA HUIS MSW***

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

28 November 2013

Dagsê Almal

Ek lees gisteroggend die gedeelte uit Markus waar Jesus verduidelik wat die betekenis van die gelykenisse is. Soos die gewoonte maar is gaan ek om die tafel en gee elkeen die geleentheid om sy gevoelens met ons te deel en een van die dogters (gr. 6) vertel hoe die Here in haar hartjie vir haar lei deur die dag. Haar mamma sit langs haar en die trane vloei vrylik en toe haar beurt kom kon sy net sê hoe sy begeer dat God ook soveel in haar lewe kan beteken maar met al die probleme in haar lewe voel sy so ver van Hom af. Vir lank probeer sy al om by die Eljada Huis uit te kom maar sy word telkemale verbied. Danksy Sonja se volgehoue aanmoediging is sy hier en ek is dankbaar vir die geleentheid om haar meer van Hom te leer uit my eie onkundigheid maar met die Bybel voor my. So is daar in elkeen se hart ‘n worstelstryd met die nuwe begin van ‘n pad met die Here.

Ek is so dankbaar teenoor my Skepper dat Hy juis vir my uitgekies het om hier te kan wees om elkeen wat hier aanklop, behalwe kos, klere en ander lewensmiddele veral te leer om ‘n pad – al is dit dikwels met dorings besaai – saam met Hom te loop.

Een van die vroue het ons lagspiere geprikkel deur te vertel terwyl sy met haar onstuimige gemoed oor die warboel in haar lewe padlangs stap na Eljada Huis een oggend, sy so na die man in die kar wat by haar verbyry met ‘n sigaret in die mond gestaar en gedink het “Hoekom het ek nie ook ‘n kar nie” skielik tot die besef gekom – dis dalk die rooksonde in my lewe wat die oorsaak is. Sy besluit daar en dan dat sy liewer blymoedig gaan aanhou stap maar beslis die sondes in haar lewe gaan aflê om by die Here uit te kom. Sy het opgehou rook en haar blymoedigheid en dankbaarheid oor die bietjie wat sy het, is ‘n aansporing vir die ander. Dankie Vader.

Dankie sover vir diegene wat alreeds vir my laat weet het wie en waarmee hulle gaan help maar ek wil graag weer benadruk dat al die gesinne vir 37 dae na hulself moet omsien terwyl die huis gesluit gaan wees en vra ek dus nederig vir groter bystand met kos – veral nie bederfbare want nie almal het yskaste nie. Ek het in die kombuis ‘n krisis met SUIKER en gemengde groente blikkies asb.

Eljada Huis groete

Annatjie

*****************************************************

Huis se KOSNOOD;

- SUIKER EN GEMENGDE GROENTE
- AANMAAK KOELDRANK
- KOS – Blikkies vleis, vis en groente, soja, rys, macaroni en spaghetti, koffie, tee, boksmelk, suiker, broodsmere soos marga rien, konfyt, stroop, grondboontjie botter, bovril, kookolie, kitsontbytkos en eiers.
- Toiletware – toiletpapier, badseep, sjampoe, aanrol, spuitgoed, waspoeier en sunlight seep.

RsRsRsRsRsRsRsRsRsRsRsRsRsRsRsR

**Bankbesonderhede**

**Eljada Huis, Standard Bank, Montana, Marketlink spaar, 044396058, kode 051001**

RsRsRsRsRsRsRsRsRsRsRsRsRsRsRsR

## ***ELJADA HUIS – WENSLYSIES***

**Vir die huis:**

Die bouwerk vorder fluks en ons het met groot dank vandag weer ‘n skenking ontvang vir die plaveistene om rondom die stoor en eetplek af te rond. Dankie Vader ook weereens vir mense wie se harte so oop is. Ons benodig nog tuinstoele, stoele/bankies en tafels(staal) vir ons nuwe buite eetkamer wat byna klaar gebou is, waaiers, alle soorte bottels, appelbokse, skoendose, roomys en margarien bakkies, los kaste en tafels, rekenaars, naaimasjiene, kaste en staalrakke vir die nuwe stoorkamer wat byna klaar is, kaste vir die eetkamer. Vir die stoorkamer het ek groot asseblief rakke nodig. Baie dankie by voorbaat.

*****************************************************************************

## ***Gesinne:***

***Al die gesinne benodig kos vir 37 dae waartydens die huis gesluit gaan wees. Indien moontlik sal ek graag nie later as 10 Desember al die kos wil uitdeel. Ons afsluiting vind plaas op 13 Desember.***

*****************************************************************************

**Bernadine Adams - Joubert**

Stofsuier, Haardroër, Tekkies(3), Broekie(M), Bra 32/34 A, Eetkamertafel met 4 stoele, Scrabble, Gereedskap om juwele te maak, Yskas, Dubbelbed met beddegoed, Vadoeke.

**Louwtjie Joubert** - Tekkies(7)

**Jason Adams (21)**

Rekenaar, No 9 tekkies, O/broek S boksers, Hemde M, Broeke 28, Kouse, Enkelbed bed degoed, Keyboard / Kitaar.

**Dane Adams (13)**

Skooltas en skryfbehoeftes gr 8, Fiets, No 4 tekkies, O/broek 12/13, Hemde 13j / S, Sel foon, Broeke / cargo pants 12, Enkelbed bed degoed, Gereedskap om elektroniese goed uitmekaar te haal, Radiobeheerde brandstof speelkar.

*******************************************************************************

**Hierdie gesin het 'n borg vir die 37 dae se kosvoorraad – Baie dankie**

**Corlia Smith**

Droograk vir wasgoed, Denim / navy broeke 34, Selfoon, Yster, Lekker kersete vir gesin van 5, Vadoeke, Gesinsspeletjies.

**Samuel (Seun) Smith**

Rekenaar, selfoon

**Tanja Smith (18)**

Beddegoed vir enkelbed plus duvet, Uitgaan bv Fliek / swem, Bra 32C, Broekies M

**Su-marie Smith (18)**

Beddegoed vir enkelbed plus duvet, Uitgaan bv Fliek / swem, Bra 32BB, Broekies M

**Tom Smith (14)**

Selfoon, I-pod, Tekkies nr 5, Uitgaan bv Fliek / Swem

*******************************************************************************

**Hettie van Rooyen**

Stofie met oond, Toiletborsel en stel, Bad goedjies, Ketel, Yskas, Laaikassie, Vadoeke

**Roland van Rooyen**

Skoene of boots nr 9, Jocky vir fiets, Fiets wiele, Fietsketting vir resiesfiets

*******************************************************************************

**Ivon Minoi**

Yskas, Radio met CD speler, Christelike mu siek CD, Waaier, Parfuum, Vleis vir Kersfees, Stofie, Broekies L, 38C Bra's, Sandale / kerk skoene nr 7, Laaikassie, Rekenaar, Selfoon, Ketel, Strykyster, Beddegoed vir enkelbed, TV, Broodrooster, Kniebroeke 38, Bloese XL, Jeans 38, Haarsproei, Gel vir hare, Kastrolle, Kompendium Speletjies, Vadoeke.

*******************************************************************************

**Jenny J van Vuuren**

Christelike musiek CD, Radio met CD speler, Lekker kersete, Braaipan, Queensize duvet stel met inner, Selfoon, Plank vir Queensize bed, Kompendium speletjies, Stapskoene 5 (swart of navy) Kerkskoene 5(plat), Jeans / navy 30,T-hemde M, Lekker badgoedjies, Vadoeke.

**Lukas J van Vuuren**

Gereedskapstel, Sandale 8, Kortbroeke 40.

**Ingrid J van Vuuren (21)**

Rekenaar, Lemmetjiegroen enkelbed bedde goed, Studies vir paramedic, Selfoon, Jeans 28, Kerkskoene en Stapskoene 5, Oop of toe sandale, Soe-soe broekies S, Haarrekkies.

**Inge J van Vuuren (11)**

Skooltas en skryfbehoeftes Gr 6, Pers enkel bed beddegoed, Selfoon, Kerk en draskoene 5, Mooi badgoed, PSP elektroniese spel, Selena Gomez CD's, Soe-soe S broekies, Mooi haarrekkies, BMX Trick Fiets.

*******************************************************************************

**Jo-anne Bouwer**

Langbroeke of Kniebroeke 42, Oop dra skoene 7, Mikrogolf oond, Radio met CD speler, Lapverf en lap, DVD speler, Selfoon met kamera, Vadoeke.

**Donovan Freitas (4)**

Skoolgeld vir 2014 (R850pm), Playstation 2 of 3, Opblaas swembad, Opvoedkundige speel goed, Klere 4/5j broekies, hempies, skoene(11).

*******************************************************************************

**Lizette Nel**

TV, DVD speller, Langbroeke 28, Bloese en T-hemde M, Stapskoene 5/6, Stofie met oond Vingerbordspel / Monopoly, Rekenaar, Vadoeke.

**Liza Nel (17)**

Skooltas en skryfbehoeftes vir Gr 11, Straight ner, Lang en kortbroeke 28, 6 Stap skoene, Grimering, Bra's 34B, Broekies M.

**Hennie Nel (15)**

Skooltas en skryfbehoeftes Gr 9, Playstation, Selfoon, Kortbroeke 14-15jr, T-hemde M, Tekkies 8, Fiets.

**Louis Nel (5)**

Skooltas en skryfbehoeftes Gr1, Fiets, Kort broeke 5-6, T-hemde met prentjies 5-6, Tekkies klein 11, Plakkies klein 11.

*******************************************************************************

**Margaret Smit(52)**

Braaipan, Yskas, Kombuiskas, Laaikas, Eier spaan, Waaier, Tafel/Lessenaar en stoel, Oop sandale 9, TV, Rekenaar, Bra 38B, Broekie L, Vadoeke.

*******************************************************************************

**Marie Makkink(60)**

Yskas, Kombuiskaste, Laaikas, Pantoffels, Tekkies en sandale 7 (beige, silwer of brons), 40/42 hemde / T's, 40/42 lang/kniebroeke en/ of geblomde rompe, 40B bra / L broekie, Sout en peper potjies, Los matte, Opskep bakke, Sagte parfuum, Stofsuier, Slimfoon / Seun (serebraal verlam in Israel), Rekenaar, Vadoeke.

**Jimmy Makkink(70)**
Stapskoene en kerkskoene 8, Kerkhemde L, T-hemde L, 42 Langbroek / jeans, Kouse, O/broeke L, Sweismasjien, Grassnyer, Verf en rollers vir huisie / 1 slaapkamer.
**************************************************************************

**Petro Jooste**
Yskas, Waaier, Oop sandale en kerkskoene 8 TV, Bra 42B / broekie XXL, Langbroeke/rompe 38, Hemde/ Tops XL, Elektriese pan, Haarsproei, Sagte parfuum, Radio met CD speller, Rekenaar, Selfoon, Vakansie, Christelike musiek CD's, Hekel penne en gare, Kompendium speletjies, Vadoeke.
**************************************************************************

**Pieter Koekemoer**
Yskas, Bakkie en gereedskap om houtwerk – kombuiskaste - te kan doen, Enkelbed bedde goed, Kombers, Tekkies nr 8/9.
**************************************************************************

**Sonja Bianchina**
Waaier, Yskas, Tekkies en draskoene 7, Laaikassies, Selfoon, Gesinspeletjies, DVD-ROM vir rekenaar, Skaapboud vir Kersdag, Vadoeke.

**Anita Bianchina(17)**
Hangertjie, Rekenaar

**Ricky Bianchina(12)**
Skooltas en skryfbehoeftes Gr 6, Musiek boom box, Rugby skoene, Fiets.

**Chantelle Bianchina(8)**
Skooltas en skryfbehoeftes Gr 2, Musiek boom box, Tekkies klein 11/12, Fiets, Barbie, Skerpmaker met bakkie, DVD's, Brats enkel duvetstel, Somernagklere, Broekies 7-8jr.
**************************************************************************

**Susan Venter (69)**
Strykyster, Enkelbed beddegoed, Bra 34B / Broekie M, Toppies 34, Lang / kniebroeke 34, Kerkskoene 5, Slaapklere 34, Waaier, Hekel pen en gare, Vadoeke.
**************************************************************************

**Oom Jan Erasmus (89)**
TV, O/broeke XL, O/hemde L, Sandale 9, Pleisters vir klein wonde, Glyserine seep, Tandepasta (Golgate cavety).
**************************************************************************

**Jaques Knoetze (63)**
O/broeke M, O/hemde M, Sandale 8, Pleisters vir klein wonde, Glyserine seep, Tandepasta (Golgate cavety), GPS (goed koopste want hy wil nog graag bietjie rondry)
**************************************************************************

**Koningskinders:**

1. Charles Helmand
   Tas en skryfbehoeftes vir Gr 5
2. Cherisa Wilson
   Tas en skryfbehoeftes vir Gr 5
3. Linda Lamprecht
   Tas en skryfbehoeftes vir Gr 5
4. Bianca Masango
   Tas en skryfbehoeftes vir Gr 2

Ek het nie van almal se versoekies ontvang nie.
**************************************************************************

Die gesinne soos hierbo aangedui is almal of werkloos of kry slegs ‘n staatspensioen. Soos u kan sien is meeste van wat hulle vra dinge wat hulle sonder moet klaarkom en is dit ‘n geoorloofde wens vir hierdie feestyd.
Ek vra weer dat u asseblief met my moet skakel wanneer u besluit om of ‘n persoon of gesin met sekere items te help sodat ek kan verhoed dat duplisering plaasvind
Baie, baie dankie byvoorbaat vir elkeen se bydrae – hoe gering ook al.

Van die Eljada Huis se 2013 Kerstafel
Annatjie (0728558289)
Petro (0760571650)